



## Wat die Wet van God beteken

God se wet beteken dat ons God altyd eerste moet stel.

Ons moet God *liefhê* meer as enige iemand anders.

Ons moet God *gehoorsaam* voordat ons enige iemand anders gehoorsaam.

Ons moet *doen* wat God graag wil hê dat ons doen.

Ons moet Hom elke dag en in alles wat ons doen, prys en sy Naam verheerlik.

Die Bybel vertel ons van 'n arm weduwee, en hoe sy in haar lewe God eerste gestel het.

Eendag het sy uitgegaan om houtjies bymekaar te maak. Daardie tyd was daar 'n groot droogte in die land. God het nie reën gestuur nie, omdat die mense baie sleg en sondig was. En omdat daar nie reën was nie, kon daar niks op die land groei nie. Daar was dus geen koring om meel van te maak nie.

Hierdie weduwee het net 'n klein bietjie meel oorgehad. Sy het houtjies bymekaar gaan maak vir 'n vuur. So kon sy van die laaste bietjie meel en olie in die huis nog 'n broodjie bak.

Terwyl sy houtjies opgetel het, kom daar 'n man by die pad afgestap. Sy hare was lank en sy baard was lank en sy klere was baie vuil en stowwerig.

Die man het na haar geroep: "Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink". Hy was so warm en so dors.

Die weduwee sê toe dat sy vir hom 'n bietjie water sal gaan haal.

Maar toe sy wegloop, roep die man na haar en vra: "Bring tog vir my 'n stukkie brood saam".

Toe is die weduwee baie hartseer. "Ek het nie 'n enkele stukkie brood nie. Ek het net 'n klein bietjie meel en 'n klein bietjie olie in die huis. Ek sou vir my 'n vuur gaan maak om 'n broodjie vir my en my seun te bak, dat ons dit kan eet en *sterwe*."

Die man sê toe: "Moenie bang wees nie. Gaan bak jou broodjie, maar maak die eerste klein broodjie vir *my*, en bring dit vir my. Dan kan jy vir jou en jou seun nog bak. God het gesê dat jy meel en olie sal oorhou. Daar sal *altyd* meel en olie in jou huis wees, totdat die *HERE* weer reën op die aarde gee en die koring weer sal groei".

Daardie man was God se profeet, Elia. Toe die vrou hoor wat hy sê, het sy huistoe gegaan en die brood gaan bak. En sy het die *eerste* broodjie vir Elia gebring. Sy was self so honger, en haar *seun* was honger, maar sy het die *eerste* broodjie vir Elia gegee, omdat hy 'n man van God was. Sy het God eerste gestel. Sy het God se Woord, wat die profeet gespreek het, geglo, en het God gehoorsaam.

God het daardie arm weduwee geseën. *Elke* keer as sy en haar seun en Elia iets nodig gehad het om te eet, het sy brood gebak. En *elke* keer was daar meel en olie oor, net soos God haar belowe het.

### Gesels hieroor:

1. Wat was die weduwee besig om te doen toe Elia daar aankom?
2. Waarvoor het Elia gevra?
3. Hoe het die weduwee gewys dat sy God liefhet?

As ons regtig die HERE liefhet, sal ons altyd probeer om Hom in alles eerste te stel. Hierdie Bybelvers sal ons daaraan herinner:

*‘Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.’*

(Deuteronomium 6:5)

### **Wat ons kan lees:**

*1 Konings 17:8-16*

### **Hier is ‘n lied oor hoe ons die HERE kan liefhê en dien:**

Die HERE is ons Koning, ons Redder en ons God,  
daarom moet ons Hom liefhê, en leef na sy gebod,  
Met hart en siel en hande ons lewe aan Hom wy,  
So het Hy ook sy lewe gegee vir jou en my.

### **Gebed:**

*Vader in die hemel, wil U ons help om U gebooie te gehoorsaam. Die sonde in ons hart is so sterk. Help ons om liefdevol en vriendelik te wees en om U bo alles lief te hê. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit ‘Leading Little Ones to God’  
is deur Marianne Bron vertaal.*